## Die toepassing van magnetiese slaap

**40** Cornelius kom na My toe en vra: "Meester, tydens U meer as goddelike toespraak en lering, het U aangedui dat `n geestelik volmaakte mens `n ander die hande sou kon oplê, waarop hierdie ander dan dadelik in `n magnetiese slaap sou val en vanuit sy innerlike wete wyshede ten beste sou deurgee - ook al sou hy andersins `n hóé blinde en volslae dom mens wees! As ek nou maar eenmaal kon sien hoe om met so `n behandeling te werk te gaan, dan sou ek weet hoe so `n heilsame proefneming by iemand uitgevoer moet word in geval dit êrens nodig sou wees. Maar as leek ten opsigte van die behandelingswyse, kan jy selfs met die beste wil niks begin en bygevolg ook niks tot stand bring nie. - Sou U my daaroor iets nader wou vertel?"

[2] Ek sê: "O ja, heel graag, omdat hierdie handeling beslis noodsaaklik is om die verlore gegane liggaamlike en ook geestelike gesondheid te herstel! Want enersyds versag die suiwer oplegging van die hande op sigself reeds die hewigste liggaamlike pyn, en bowendien veroorsaak dit meestal dat die mens wat jy met `n onwrikbare geloof die hande opgelê het met die vaste wil om hom te help, heldersiende word en dan vir homself die korrekte medisyne kan vasstel wat, volgens sy voorskrif toegepas, hom volledig sal genees. Natuurlik sal die volledige genesing nie intree as daar êrens teen sy voorskrif gesondig word nie; maar as die voorskrif volledig nageleef word, sal die algehele genesing ongetwyfeld volg.

[3] As by hierdie genesingsbehandeling `n bepaalde mens in die heldersiende slaap gekom het, mag hierdie persoon nie deur allerlei nuttelose vrae gesteur en uitgeput word nie, maar `n mens mag slegs dit vra wat nodig is.

[4] Wie egter iemand die hande sal oplê, moet dit in My Naam doen, omdat sy behandeling andersins geen nut en geen uitwerking sal hê nie.

[5] Daarvoor is `n vaste, onwankelbare geloof en selfs `n onwankelbare, vaste wil nodig.

[6] Die wens daartoe moet uit die diepste van die hart kom en gevoed word deur ware naasteliefde, dan vervul die liefdeskrag die hande van die handoplegger, dring deur sy vingerpunte en stroom soos sagte dou in die senuwees van die sieke in en genees die dikwels stekende en dikwels brandende pyn.

[7] `n Mens moet egter rekening daarmee hou dat dit moeiliker is om `n man in die magnetiese slaap te bring as `n vrou! In sekere gevalle sou `n man ook deur `n vrou in die magnetiese slaap gebring kon word, maar dit sal die gelowige vrou slegs geluk met die hulp van haar tersyde staande, onsigbare engel, wat haar sal help ter wille van haar gebed en haar rein hart.

[8] Sulke vroom vroue sou veral baie verligting kon bring by bevallings, wat dikwels moeilik en met baie pyn gepaard gaan. So `n hulp sou beter wees as die hulp van die vroedvroue wat meestal na Betlehem reis om daar die kuns te leer hoe hulle by `n bevalling moet help, waarby heelwat dwase middele toegepas word wat op suiwer bygeloof berus en baie meer skaad as wat dit baat.

[9] Veral by die geboorte van die eerste kind, word daar dikwels vreeslike dom en belaglike seremonies gehou! As die eerste kind `n meisie is, moet daar allerlei dwase klaagliedere aangehef word en moet daar drie dae lank erbarmlik gesug en gekerm word. Word daar `n seuntjie gebore, dan moet daar kalwers en lammers geslag en broodjies gebak word, en moet alle sangers, fluiters en strykers bymekaar kom om die hele dag `n oorverdowende lawaai te maak, wat die geboorteweë van die kraamvrou moet versag! Daarom - in plaas van sulke domhede, sou die hierbo genoemde verloskundige hulp tog beslis beter in hulle plek wees!"

[10] Cornelius sê: "Gewis en seker! Maar kan `n vrou so godvresend word?"

[11] Ek sê: "Baie seker! Vereers is `n goeie opvoeding daarvoor nodig, en vervolgens `n baie goeie onderwys vir volwasse meisies! Maar die onderwys mag, ook al is die meisie hóé volwasse, nie gegee word voor die ware godvresendheid bewys is nie.

[12] Maar ook manne kan `n barende deur handoplegging bystaan en haar baie verligting verskaf!"

## Liggaamlike en geestelike reinheid; Genesing op `n afstand

**41** Stahar, wat die naaste aan My gestaan het en alles oplet, sê: "Sou `n man daardeur, volgens die voorskrifte van Moses, nie vir `n hele dag verontreinig word nie?"

[2] Ek sê: "Van nou af aan kan jy maar net verontreinig word deur slegte en onsuiwere gedagtes, begeertes en wense, lasterpraatjies, leuens en eerroof, minagting en kwaadpratery. Dit is sake wat die mens verontreinig. Al die ander dinge verontreinig die mens óf glad nie, óf hoogstens uitwendig, en hy het water genoeg om hom te reinig van uitwendige vuilheid.

[3] Moses het die Israeliete die voorskrifte ook slegs vernaamlik gegee vanweë hulle groot geneigdheid tot onreinheid in alle uiterlike sake; want as mense reeds uitwendig reëlregte varke geword het, word hulle dit ook des te makliker in hulle harte. Veral daarom het Moses die Israeliete die uiterlike reiniging baie spesifiek aanbeveel.

[4] Maar die eintlike reiniging van mense vind eers plaas deur `n egte boetedoening, deur die berou oor `n sonde wat teenoor jou naaste begaan is, deur die ernstige voorneme om nie meer te sondig nie, en deur die daaropvolgende volledige lewensverbetering.

[5] As dit nie gebeur nie, kan julle honderduisend bokke met bloed besprenkel, vervloek, en in die plek van julle sondes in die Jordaan gooi, maar dan bly julle harte en siele vir Elohim nog net so onrein en onsuiwer soos wat dit aanvanklik was! Met die water suiwer `n mens die liggaam, **en met `n vaste, goeie en Elohim in alles toegewyde wil, reinig `n mens die hart**

**en siel.** En soos wat die suiwer, frisse water die ledemate van die liggaam versterk, so versterk `n aan Elohim toegewyde vaste wil die hart en die siel.

[6] Sulke versterkte siele kan dan `n sieke in My Naam ook geestelik, tot op `n ver afstand, die hande oplê en dit sal met hom beter gaan.

[7] Wie egter nog nie so volmaak is na hart en siel nie, kan sy toevlug neem tot die stryk met die hande soos vroeër in My toespraak aangedui, dan sal hy `n liggaamlike sieke ook groot versagting van sy lyding gee. Hy sal hom ook in die magnetiese slaap kan bring, en die behandelde sal in sy slaap voorspel wat hom kan help. Die voorskrif moet dan sorgvuldig toegepas word en na verloop van tyd sal dit dan ook met die sieke beter gaan, - weliswaar nie so vinnig as wanneer `n geestelik volgroeide mens hom die seënryke hande sou opgelê het nie, waarby die genesing oombliklik kan en mag plaasvind.

[8] So kan elkeen homself daarvan oortuig dat in die magnetiese slaap ook die minste ontwikkelde siel, selfs dié van `n kind, kan voorspel, omdat hy op daardie oomblik met sy geestelike lewenskiem in verbinding gebring word. Word die innerlike lewenskiem na die magnetiese slaap weer in die toestand van rus gebring, dan ontwaak die siel weer in haar liggaam en weet glad niks meer van alles wat daar gebeur het nie en wat sy gesê het nie. Dit bewys nou juis dat geen enkele siel so erg verdorwe kan wees dat sy nie meer genees kan word nie.

## Aankondiging van `n voorbeeld van die magnetiese slaap

**42** (Die Meester:) "Sodat julle dit egter ook in die praktyk sal kan sien, sal Ek nou daarvoor sorg dat daar uit Césarea Philippi so `n dom en deur en deur slegte mens sal opdaag. Hy sal deur één van julle op hierdie wyse behandel word en julle sal sien en hoor hoe verbasingwekkend wys hierdie stompsinnige en slegte man in die ekstatiese slaap word. As hy daarna weer sal ontwaak, sal hy dadelik weer dieselfde slegte en bot man wees van voorheen, en dit sal ons moeite kos om hom langs die natuurlike weg ook maar enigermate beter insigte oor Elohim en die mense by te bring."

[2] Cyrenius sê: "Meester! Daaroor verheug ek my al weer besonder, want daar sal weer baie ervaring opgedoen word en baie lering uit gehaal kan word! Is die genoemde persoon dalk al op weg hierheen?"

[3] Ek sê: "Ja wel, hy is op soek na jou en sal jou heel onbeskaamd om ondersteuning vra, omdat hy deur die brand `n hut, twee skape, `n bok en `n donkie verloor het. Hy het egter gehoor dat jy jou hier ophou, en die slagoffers hulp aanbied. Hierdie man, wat nog altyd sleg en dom was, is daarom onderweg om van jou vir sy gelyde skade vergoeding te kry. Maar eintlik het hy, ook al is hy `n arme drommel, nie soveel skade gely nie, want die twee skape het hy twee dae tevore, vóór die brand uitgebreek het, van iemand anders gesteel, en die donkie en die bok het hy homself al `n jaar gelede op dieselfde wyse toegeëien.

[4] Uit wat Ek jou nou vertel het, kan jy dus wel tot die slotsom kom dat ons nuwe aankomeling `n taamlike slegte deugniet is, wat bowendien ook nog regtig onnosel is, wat met sulke mense gebeur as gevolg van dierlike, blinde hebsug. Hy sou sy hut, insluitende sy eiendom heel maklik kon gered het, maar tydens die brand sluip hy steeds orals rond om langs onwettige weë homself die een en ander toe te eien. Wel, hy het egter niks gevind nie, en toe hy baie sleg gehumeurd huistoe gaan, vind hy sy hut soos `n fakkel brand en sy vier diere was reeds tot op die been verbrand.

[5] Tot nou toe kerm hy oor sy hut, maar toe hy `n uur gelede te wete gekom het dat jy weens genoemde redes hier oorbly, het hy, na nie baie nadenke nie, besluit om te kom kyk of jy werklik hier is, en of jy ook werklik die gelyde skade sal vergoed.

[6] Sodat jy nou vooraf weet met wat se mens ons hier baie binnekort te doene sal kry, en watter houding jy, altans in die begin, moet aanneem, het ek hom vooraf ietwat aan jou beskryf; die fynere besonderhede sal jy hierna wel self van hom te wete kom."

[7] Cyrenius vra: "Moet ek hom wel een of ander vergoeding laat gee?"

[8] Ek sê: "Voorlopig nie, want eers moet jy hom op eg Romeinse manier aan die tand voel. Eers nadat jy hom onder hande geneem het, as hy `n bietjie mensliker sal wees, sal die ander wel in orde kom! Zinka moet hom egter behandel, want hy het die meeste krag daarvoor. Ek sal Zinka vooraf My hande oplê sodat hy meer krag kan kry sodat die behandeling hom beter sal geluk."

[9] Maar Zinka, wat die hele tyd in My nabyheid was om geen woord te mis nie, tree na vore en sê: "Meester, hoe sal ek dit nou kan doen, terwyl ek nog baie min vertroud is met die manier van behandeling?"

[10] Ek sê: "Lê die regterhand op sy voorkop en die linker op die maagholte, en hy sal dadelik in die genoemde slaap val en ook dadelik begin praat, maar met `n swakker stem as die normale! As jy hom dan weer wil wek, hoef jy slegs vir enkele oomblikke jou hande andersom op te lê. Maar sodra hy ontwaak, trek jy jou hande terug en dan is die behandeling beëindig!"

[11] Zinka is dit nou met alles eens en ook rotsvas daarvan oortuig dat dit hom alles so sal geluk. Hy wag nou self verlangend op sy man - vra My egter tog of hy die behandeling dadelik by sy aankoms moet uitvoer en of hy op `n aanwysing moet wag.

[12] Ek sê: "Ek sal jou wel `n teken gee wanneer dit moet gebeur. Eers moet julle tog nog sy domheid en grofheid leer ken, dit wil sê, hoe siek sy siel wel is. Eers as julle hom voldoende daarin leer ken het, sal dit tyd word om sy siel in `n gesonde toestand te beskou en om daaruit te sien dat geeneen van julle mense `n ander mens, ook al lyk hy hóé verdorwe, mag veroordeel en in die algehele verderf mag verdoem nie, omdat elke siel nog `n gesonde lewenskiem in haar dra. - Maar berei julle voor en neem julle in ag, hy sal nou meteens hier wees!"